

25 Januarie

Nehemia 6-7:3, (Teks 6:15,16)

Moenie terugsteier nie - wees doelgerig!

Die vyf faktore wat Nehemia teen druk en versoeking staande laat bly het, geld ook vir ons vandag:

Eerstens, was hy heelyd bewus van die belangrike taak wat die Here hom opgelê het. Hy het 'n bediening gehad en 'n lewenstyl om aan ander te modelleer. Hy het nooit vergeet dat God hom na Jerusalem gestuur het om te werk en aan die mense te demonstreer hoe hulle moet lewe nie. Dit het hom sterk gehou toe die druk groot teen hom geword het.

Tweedens het hy nooit sy eie identiteit vergeet nie. Hy het geweet wie hy was, dat hy aan God behoort en dat hy deel van God se kinders was.

Derdens was hy vry van ander se invloed. Hy het nie geluister na dié wat nie God se wysheid het nie.

Vierdens het hy sy kennis versigtig en planmatig in die praktyk toegepas. Hy stel wagte op, deel pligte uit, werk saam met ander en ondersoek deeglik. Dit was 'n groot faktor van sy sukses.

Vyfdens bo alles, bid hy. Hy onderwerp alles aan God se wysheid.

Een Skrifgedeelte waar ons aan moet vashou in ons lewens is: *"Vertrou volkome op die Here en moenie op jou eie insigte staat maak nie. Ken Hom in alles wat jy doen en Hy sal jou die regtepad laat loop"* (Spreuke 3:5,6).

Wil jy hê dat God jou lewe moet lei? Begin dan om hierdie eenvoudige dinge te doen - doelgerig vorentoe. Moenie terugsteier nie.

Sing: Skrifberyming 45:1,2

Ds. A. Jansen (Wierdapark)